WIETA *Nuusbrief*

Kwartaal 4 | Oktober 2016

wieta
Wyn en Landbou Etiese Handel Vereniging

opleiding

Kode Nakomingsopleiding

Hierdie interaktiewe halfdag werkswinkel is daarop gemik om 'n deeglike begrip van etiese handel in die Suid-Afrikaanse wynbedryf te vestig en is ontwerp vir produsente, kwekers, tydelike indiensnemingsdienste en hul senior personeel wat verantwoordelik is vir die implementasie van die WIETA-Etiese Praktykkode, kwaliteitsbestuur en gesondheid en veiligheid in die werkplek. Enige lid wat etiese handel bevorder kan deelneem aan hierdie opleiding. Opleiding word maandeliks gehou by ons kantoor in Stellenbosch, of per versoek deur ons produsente en kelders in die verskeie streke.

Lede kan opleiding bespreek op die WIETA-aanlynstelsel by www.ethicaltrade.co.za of skakel 021 880 0580 om kelder-gebaseerde streeksessies te reël.

Kode Verfrissingsopleiding

Weens veranderende wetgewing, beide nasionaal en internasionaal, en nadat ons Kode gemeet is teenoor die Global Social Compliance Programme, is ons kode, kodemaatstaf en ouditproses en metodologie opgedateer en uitgerol by wyse van weergawe 3 van ons kode. Alle lede sal geoudit word teenoor hierdie standaard. Ons voorsien spesifiek vir produsente wat hul tweede oudit ondergaan, op aanvraag, opleiding van ongeveer twee uur aangaande die veranderinge aan die kode, maatstaf en ouditproses en metodologie.

Kontak asseblief vir Dominque Olivier by info@wieta.org.za indien jy belangstel in hierdie opleiding.

Werkersopleiding

Ons werkerprogramme is ontwerp vir werkers in die landbousektor.

Kom ons praat oor arbeid

Hierdie werkswinkel is daarop gemik om werkers 'n begrip te gee van werkerregte en -verantwoordelikhede en die wetgewing wat daardie regte waarborg. Die sessie fokus ook op die WIETA-gedragskode.

Kom ons praat oor gesondheid en veiligheid

Praktiese voorbeelde en rolspel word gebruik om die belangrikheid van 'n gesondheid- en veiligheidstelsel te verduidelik, om te verseker dat werkers veilig gehou word van besering en siekte in die werkplek. Die regte en pligte van die werkgewer en die werknemer soos voorgeskryf deur gesondheid- en veiligheidswetgewing word bespreek.

Hierdie halfdag, op-perseel-sessie programme word tans befonds deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou en is dus gratis. Ons het slegs 'n beperkte aantal werkswinkels beskikbaar. Kontak asseblief vir elzaan@wieta.org.za om jou plek te bespreek!

wieta
Wyn en Landbou Etiese Handel Vereniging

Aanlyn opleiding

Tydens Julie en Augustus 2016, is streeksvergaderings gehou om ons lede en hul konsultante op kelder- en plaasvlak 'n beter insig en begrip ten opsigte van die nuwe aanlynstelsel te gee. Hierdie stelsel het in November 2015 regstreeks gegaan met die lidmaatskapsmodule, en lede wat beplanning doen vir hul oudit sal hul selfassesseringsvraelys (SAV) en ouditversoek op die elektroniese stelsel moet voltooi. Tans word kort opleiding oor die aanlynstelsel ingesluit by ons maandelikse produsentopleidingsessies. Indiepte streeksopleidingsessies oor ons aanlynstelsel kan versoek word.

Kontak asseblief vir Dominque Olivier by info@wieta.org.za indien jy belangstel.

WIETA Kode & Maatstaf Weergawe 3

Deur ons vorige nuusbriewe het ons die inwerkingstelling van ons Kode- en Maatstaf -weergawe 3 gekommunikeer. Die WIETA-gedragskode en -maatstaf-weergawe 3 is beskikbaar op ons webtuiste by **http://www.wieta.org.za/wieta_code.php.**

Al ons hulpbrondokumente, soos 'n voorbeeld van beleide en 'n risiko-assessering, is gekoppel aan die Maatstaf op ons webtuiste.

Kontak asseblief vir **Amelia Heyns** (amelia@wieta.org.za) of **Elzaan Windvogel** (elzaan@wieta.org.za) indien jy enige regs- of tegniese vrae het.

Indiening van Korrektiewe Aksies

Om effektiewe implementasie van die etiese kode op die plaas en in die kelder te verseker, is dit belangrik vir die lid om te verseker dat korrektiewe aksies voltooi word en in werking gestel word na die oudit, so gou as moontlik.

In ooreenstemming met internasionale beste praktyk, het WIETA die volgende prosedure aanvaar:

- Korrektiewe aksies moet onderneem word **binne 4 maande** vanaf oudit.
- Korrektiewe aksies en bewyse, aangebring op 'n verbeteringsplantemplaat, moet aan WIETA oorhandig word nie later **nie as 6 maande** na die uitreiking van die ouditverslag.
- As 'n lid laat is met hul verbeteringsplan, sal perseelverifikasie deur 'n onaangekondigde of semi-aangekondigde oudit onderneem word om die korrektiewe aksies te verifieer teen onkoste van die produsent wat betaal moet word voor sertifikate uitgereik word.
- Na afloop van die perseelbesoek word die perseel **een maand** gegee om die korrektiewe aksieplan met bewyse in te handig.
- Indien die plan steeds nie ingedien is nie, sal die perseel binne een jaar na die aanvanklike oudit geheroudit moet word.
- Produsente wat nie instem tot hierdie beleid nie of instem om geheroudit te word, maar in gebreke bly om hul korrektiewe aksies na die oudit in te dien, se lidmaatskap sal hersien word.

Ontmoet twee van ons gesoute ouditeurs!

Annie Tattersall

Die grondslag van Annie se passie vir en begrip van boerdery en die landbousektor spruit uit die feit dat sy grootgeword het op 'n plaas in die Overberg-distrik. Nadat sy in 1960 gematrikuleer het, het sy verpleegkunde gestudeer by Carinus-verplegingskollege en het later gespesialiseer in beroepsgesondheid en -veiligheid.

In 1974 het Annie die beroepsgesondheid en -veiligheidsveld betree toe sy aangestel is as die beroepsgesondheidverpleegkundige by Consol Glass. Hier het sy vinnig haar stempel afgedruk in die bedryf en een van die stigterslede geword van die Nasionale Vereniging vir Beroepsgesondheidverpleegkundiges. In hierdie professionele vereniging het sy gedien as sekretaresse, tesourier-ondervoorsitter en voorsitter vir verskeie jare. Sy is tans 'n lewenslange erelid. Dit is 'n getuigskrif van die respek wat haar eweknieë het vir haar kennis en vaardighede in die bedryf.

Haar magdom ervaring en kennis het haar goed te pas gekom om haar Meestersgraad in Beroepsgesondheid in 2003 te verwerf. Haar tesis oor die oorsake van aangemelde landbou-chemiese vergiftiging in die Boland tydens die periode 1996 tot 2000 is 'n seminale werk wat verskyn het as 'n artikel in 'n professionele tydskrif vir beroepsgesondheid. Dit het die deur vir haar oopgemaak om genader te word deur die Departement van Gesondheid om mede-outeur van 'n handboek te wees vir opleiding van voornemende beroepsgesondheidverpleegkundiges. Hierdie boek, “National Certificate Vocational (Health)”, is in 2015 deur Pearson gepubliseer.

Annie het in 2005 met WIETA paaie gekruis as 'n beroepsgesondheid- en -veiligheidsouditeur. Sedertdien het sy byna tred verloor met die groot hoeveellheid oudits waarvan sy deel was. Sy geniet werklik die oudits aangesien sy elke keer nuwe mense ontmoet en produsente help om te voldoen aan die WIETA-kode. Boere is kundiges in hul veld en dit is volgens Annie altyd 'n plesier om hulle te help om net die beste vir hul werknemers te verskaf en in die proses ook 'n uitvoergehalte-produk te lewer.

Dit gee vir Annie groot blydskap om te sien hoe werkgewers en hul werknemers bevoordeel word deur 'n behoorlik-geïmplementeerde gesondheid- en veiligheidstelsel op hul plaas. Boonop spoor die gevoel dat die inligting wat sy deel met werkgewers 'n groot verskil in die lewens van werkers kan maak, haar aan om elke dag haar werk voort te sit. Alhoewel dit reeds belangrik is, weet sy ook dat sy 'n bydrae maak tot werk- en voedselsekerheid in Suid-Afrika indien sy produsente kan help.

En indien jy haar uitvra oor aftrede, sal sy gou antwoord dat dít 'n woord is wat nie in haar woordeskat bestaan nie omdat sy nog soveel het om te bied.

Desmilene Minyi

Desmilene Minyi is sedert 1993 'n gekwalifiseerde professionele verpleegkundige in die veld van verloskunde, gemeenskaps-, psigiatriese en algemene verpleegkunde en het vir meer as 13 jaar gepraktiseer. Sy is gebore op Caledon, maar is nou getroud met twee kinders en woon in Thornton, Kaapstad.

Tydens haar werk as 'n vroedvrou in beide openbare en privaat hospitale het sy gevind dat sy dikwels medekollegas van dokters tot algemene werkers opgelei of gehelp het met voorbereiding vir hul dissiplinêre en/ of griefverhore. Na aanleiding van hierdie belangstelling, het sy 'n voorgraadse sertifikaat in arbeidsreg en -bestuur verwerf. Sy het ook 'n sertifikaat in beroepsgesondheid en -veiligheid verwerf en vir 'n jaar lank in 'n fabriek gewerk om ervaring op te doen in beroepsgesondheid en -veiligheid in die werkplek.

Desmilene is later gewerf om te werk in die NRO-sektor en arbeidsbeweging vir 4 jaar as 'n provinsiale opvoeder en arbeidskoördineerder. Hier het sy met landbouwerkers gewerk en opleiding aan hulle verskaf en sy was ook deel van die maatskaplike dialoog oor transformasie met verskeie rolspelers.

..... Volg op volgende bladsy

... (van vorige bladsy)
In 2010 is Desmilene aangestel deur WIETA om die Diversiteitsbestuur-projek te bestuur wat vir drie jaar deur die Etiese Handelsinisiatief befonds is. Hierdie projek het die opleiding van 3 595 werkers, 476 opsigters en 269 bestuurders op 69 persele ten opsigte van etiese kodebestuur, seksuele teistering en diskriminasie behels. Na die voltooiing van hierdie projek het sy begin werk as 'n maatskaplike en etiese ouditeur vir WIETA.

Desmilene is 'n hoofouditeur en behartig arbeid- en beroepsgesondheid en -veiligheidsoudits vir WIETA. “Ek is absoluut gaande daaroor om vir WIETA te werk,” sê sy. “Ek glo dit is een van die beste NRO's wat oudits in die landbousektor uitvoer, en WIETA verwag slegs die beste van hul ouditeurs.” Sy is passievol oor die landboubedryf en is bevoorreg om die belangrike transformerende reis wat die bedryf onderneem het, waar te neem.

Een van Desmilene se beste dae op “kantoor” was toe 'n produsent vir haar gesê het dat hy nie 'n WIETA-oudit onderneem het omdat dit van hom vereis word nie, maar omdat dit die regte ding was om te doen. Sy onthou ook 'n oudit op 'n WIETA-lid se plaas waar dit duidelik geblyk het uit interaksie met die bestuur en werkers, wat besig was om hul tweede ouditsiklus te onderneem, dat hulle etiese beginsels binne die praktyk geïntegreer is en die beste plaas in die area wou wees. Desmilene sê dat sy nou verknog is aan die landbousektor!

Koste van oudits vir klein produsente

Tydens Junie 2016 is 'n kommunikasie oor die koste van oudits vir klein produsente uitgestuur aan ons lede. Kontak asseblief vir Dominique Olivier by **info@wieta.org.za** indien jy 'n afskrif hiervan wil verkry.

Opname na oudit

Sedert September 2016, na afloop van 'n oudit en met die lewering van die ouditverslag aan die lid, sluit ons 'n ouditassesseringsvraelys in om ons te help om ons ouditdiens te evalueer en te verbeter, insluitend die ouditeursgedrag.

Indien jou oudit voor die bogenoemde datum plaasgevind het en jy steeds terugvoer wil lewer, kontak asseblief vir Amelia Heyns by **amelia@wieta.org.za** om 'n afskrif te verkry.

Sosiale & Etiese Ouditeuring

Lede

1402

Produsente lede

1305

Lede geoudit

1119

Gesertifiseerde Lede

Oudits op vrugte & wynplase

Vanaf 1 Maart 2016, het WIETA en SIZA 'n ooreenkoms gesluit wat voorsiening maak vir 'n oudit deur of WIETA of SIZA (tans deur NSF) uitgevoer op 'n plaas met beide vrugte en wyn, om deur die ander etiese kode erken te word. Ingevolge hierdie ooreenkoms, moet die produsent 'n lid van beide WIETA en SIZA word en versoek dat 'n gekombineerde oudit op die plaas met beide vrugte en wyn uitgevoer word **voor** die oudit.

Tot op datum het WIETA 9 oudits uitgevoer op plase met vrugte en wyn, wat gevolglik opgelaai is op die SIZA-stelsel. Kontak asseblief vir Dominique Olivier by **info@wieta.org.za** indien jy 'n afskrif van ons vorige kommunikasie oor hierdie ooreenkoms wil verkry.